SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 15 MAART 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP OP 18 MAART

HET JY AL GEREGISTREER VIR DIE SARL NASIONALE KONVENSIE OP 3 EN 4 APRIL?

en

ZS95SARL BY DIE 2020 SECUNDA ARK VELDDAG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP OP 18 MAART

Die tweede been van die 80 m Klub Naelloop vind plaas op Woensdag 18 Maart van 17:00 tot 18:00 UTC met foon en GG aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS of RST verslag en jou 4 karakter ruitvierkant. Jy kry 2 punte vir elke QSO en 2 punte vir elke nuwe ruitvierkant gewerk. Maak gebruik van die Excel logstaat, beskikbaar vanaf die kompetisie bladsy op die Liga webwerf, en stuur jou logstaat teen 23:59 SAT op Sondag 22 Maart na zs4bfn@mweb.co.za. Kry die reëls op bladsy 64 van die Blou Boek.

SARL NUUS VIA MAILCHIMP

Die Afrikaans en Engels SARL News Bulletins word in een e-pos gestuur deurmiddel van die Mailchimp-stelsel. Die SARL webwerf word nie deur Mailchimp bygewerk nie, maar Dennis, ZS4BS het 'n bewaarplek vir die Nuus Bulletins sedert 1 Maart 2020 geskep. Besoek https://sarlnewsbulletin.WordPress.com/ om die Engelse of Afrikaanse bulletin af te laai. Kontak asseblief die SARL Sekretaris om by die e-poslys aan te sluit.

Annual General Meeting

HET JY AL GEREGISTREER VIR DIE SARL NASIONALE KONVENSIE OP 3 EN 4 APRIL?

Die 2020 SARL Nasionale Konvensie vind plaas by die Wanderers Konferensie fasiliteit in Illovo, Johannesburg op 3 en 4 April, dit is twee weke van nou af. Op Vrydag 3 April begin die Konvensie met die SARL Ontsluit Amateur Radio Tegnologie Simposium en op Saterdag 4 April, die SARL-AJV en die SARL 95-viering en Toekenningsdinee en dans. Die program vir die Simposium en die AJV is beskikbaar in die 2020 Nasionale Konvensie boekie. Die boekie en registrasie vorm is beskikbaar op die voorblad van die Liga webwerf.

Het jy al vir die konvensie naweek geregistreer? Vul asseblief die vorm in en dien dit so gou as moontlik in, selfs as jy net die AJV bywoon. Stuur jou registrasievorm na admin@sarl.org.za, artoday@sarl.org.za en secretary@sarl.org.za.

"WENKE VIR NICO!"

Soos genoem in SARL nuus van 16 Februarie, is daar geen mosies vir bespreking by die AJV nie. Agenda punt 11 vir die AJV is Besprekingspunte en dit is waar jou 'Wenk vir Nico' bespreek sal word. Tot op hede is vier wenke ontvang is, as jy 'n wenk vir Nico het, stuur dit asseblief per e-pos aan secretary@sarl.org.za, die sluitingsdatum is middernag op Woensdag 26 Maart 2020.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

ZS95SARL BY DIE 2020 SECUNDA ARK VELDDAG

Die Secunda Radioklub, ZS6SRC, sal sy jaarlikse Velddag week vanaf 20 – 29 Maart 2020 (tydens die skoolvakansie) by die Trichardtfontein dam, net buite Secunda, hou. Dit is 'n ideale geleentheid om ondervinding in 'n gesimuleerde DXpedisie te kry. Daar sal met ZS6SRC en ZS95SARL op HF - 160, 80, 40, 20, 17, 15, 12 en 10 m en op BHF/UHF, 6 m en satelliete (stem en digitale) en QO-100 satelliet gewerk word.

Die klub het die volgende items beskikbaar vir die gelukkige trekkeing: a

DT830B Digitale Multimeter - R20 per kaartjie; 'n Diamond VX30 BHF/UHF antenna - R50 per kaartjie; a SDR Dongle-DVB-T + FM + DAB - R50 per kaartjie en 'n Raspberry PI Premium Begin boustel - R100 per kaartjie. Die Begin boustel sluit in die Raspberry PI, kragbron, HDMI kabel, plastiek houer en mikro SD kaart.

Kaartjies kan in kontant gekoop word by van Gert Botha, ZS6GC tydens die geleentheid of kan via EFT gekoop word by die volgende bankrekening - Secunda Radio Klub, Eerste Nasionale Bank, spaarrekening, 741 363 164 83, e-pos bewys van betaling en kontakbesonderhede na gertb@cybersmart.co.za en hy sal jou kaartjie getalle wat gekoop is uitreik. Die trekking vind plaas by 15:00 UTC op Saterdag 28 Maart 2020 deur 'n onafhanklike persoon. EFT-aankope sal teen 16:00 op Vrydag 27 Maart 2020 sluit om konsolidasie in staat te stel.

KLUB NUUS

Die April-vergadering van die Magalies Radiokamateurklub vind plaas op Saterdag 21 Maart by hul klubhuis. Thys, ZS6MJM sal die baie interessante onderwerp van die NANO vektor netwerk analiseerder bespreek. Kry al die inligting op die klub se webwerf by www.zs6mrk.org.

Die Bloemfontein Amateurradioklub gaan om 15:00 op Saterdag 21 Maart by die Blubhuis by CBC-skool in Waverley weg vergader. Inroep op die 600 Naval Hill herhaler. Na aanleiding van 'n stil sleutel en verplasings, moet 'n nuwe komitee verkies word.

KOMPETISIE UITSLAE

Die Kompetisie komitee het vier logstate ontvang vir die SARL RTD kompetisie wat in Februarie gehou is. Een van die logstate was 'n kontrole logstate. Die resultate is soos volg:

1ste Phillip van Tonder, ZS6PVT - 26 punte

2de die Port Elizabeth ARV, ZS2PE - 11 punte

3de Charles le Roux, ZS1CF - 7 punte

Baie geluk, Phillip!

Die Kompetisie komitee het 33 logstate vir die SARL 95 40 Klub Naelloop gehou op Saterdag 29 Februarie ontvang. Twee van die logstate was kontrole logstate. Die uitslae is soos volg:

1St die Wesrand ARK - 564 punte van 20 logstate

2de die Boland ARK – 154 punte van 4 logstate

3Rd die bo-Karoo ARK – 88 punte van 4 logstate

4ste die Magalies ARK – 32 punte van 2 logstate

5ste die Bloemfontein ARK – 24 punte van 1 logstaat

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag bruikbare DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die SARL BHF/UHF analoog kompetisie en die RSGB Statebond kompetisie

17 Maart – die eerste 1820 Setlaars arriveer in Kaapstad, St Patrick se Dag en die Highway ARK vergadering

18 Maart – die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop

20 Maart – Herfs-ewening en Provinsiale skole sluit

21 Maart – Menseregte dag, die Bloemfontein ARK en die Magalies RAK vergaderings

20 – 29 Maart – ZS95SARL by die Secunda ARK Velddag

21 en 22 Maart – die BARTG HF RTD kompetisie

28 Maart – die Kaapstadse ARS vergadering

28 en 29 Maart – die CQ WPX ESB kompetisie

31 Maart – die Provinsiale skole open

2 April – die SARL 80 m QSO Geselligheid

3 en 4 April – die 2020 SARL Nasionale Konvensie

4 April – die RADAR Uitdaging

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die tweede been van die 80 m Klub Naelloop vind plaas op Woensdag 18 Maart van 17:00 tot 18:00 UTC met foon en GG aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS of RST verslag en jou 4 karakter ruitvierkant. Jy kry 2 punte vir elke QSO en 2 punte vir elke nuwe ruitvierkant gewerk. Maak gebruik van die Excel logstaat, beskikbaar vanaf die kompetisie bladsy op die Liga webwerf, en stuur jou logstaat teen 23:59 SAT op Sondag 22 Maart na zs4bfn@mweb.co.za. Kry die reëls op bladsy 64 van die Blou Boek.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending by Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.